

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

EXTRAORDINARY

OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG PUBLISHED BY AUTHORITY



10c Vrydag 16 Januarie 1976 WINDHOEK Friday 16 January 1976 No. 3512

GOEWERMENSKENNISGEWING:

No. R. 80 (Republiek) Die Regulasies Betreffende Bevoegdheidsertifikate, 1976

Die volgende Goewermenskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

GOVERNMENT NOTICE:

The Certificates of Qualification Regulations, 1976

The following Government Notice is published for general information.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

GOEWERMENSKENNISGEWING

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. R. 80 (Republiek) 16 Januarie 1976

DIE REGULASIES BETREFFENDE BEVOEGDHEIDSERTIFIKATE, 1976

Die Minister van Vervoer het kragtens die bepalings van artikel 356 (1) van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet 57 van 1951), soos gewysig, die regulasies gemaak soos uiteengesit in die Bylae ter vervanging van die Regulasies betreffende Bevoegdheidsertifikate, 1961, afgekondig by Goewermenskennisgewing R. 892 van 27 Oktober 1961 en gewysig by Goewermenskennisgewings R. 193 van 8 Februarie 1963 en R. 713 van 19 Mei 1967, met ingang van 30 Januarie 1976.

BYLAE

INDELING VAN REGULASIES

HOOFSTUK I

ALGEMEEN

Regulasie No.

1. Titel van hierdie regulasies.
2. Woordomskrywing.
3. Sekretaris moet benoembaarheid van kandidate vasstel.
4. Plekke waar eksamens gehou word.
5. Aansoekvorm.
6. Twyfelagtige gevalle, en navrae.

GOVERNMENT NOTICE

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. R. 80 (Republic) 16 January 1976

THE CERTIFICATES OF QUALIFICATION REGULATIONS, 1976

The Minister of Transport has in terms of section 356 (1) of the Merchant Shipping Act, 1951 (Act 57 of 1951), as amended, made the regulations set forth in the Schedule in substitution for the Certificates of Qualification Regulations, 1961, published under Government Notice R. 892 of 27 October 1961 and amended by Government Notices R. 193 of 8 February 1963 and R. 713 of 19 May 1967, with effect from 30 January 1976.

SCHEDULE

ARRANGEMENT OF REGULATIONS

CHAPTER I

GENERAL

Regulation No.

1. Title of these regulations.
2. Interpretation.
3. Secretary to determine eligibility.
4. Places of examination.
5. Form of application.
6. Doubtful cases and enquiries.

7. Vereiste getuigskrifte.
8. Onvoldoende diens.
9. Afskrifte van verlore sertifikate.
10. Wangedrag van kandidate.

HOOFSTUK II

GRADE VAN SERTIFIKATE, OUDERDOMSGRENSE EN VEREISTE KWALIFIKASIES

REDDINGSBOOTMAN

11. Kwalifikasies.
12. Eksamen vir 'n sertifikaat as reddingsbootman.

STUURKWALIFIKASIES

13. Stuersertifikate.

VOLLE SEEMAN

14. Kwalifiserende diens.
15. Berekening van seediens.
16. Kwalifiserende eksamen vir 'n sertifikaat as volle seeman.
17. Toekenning van 'n sertifikaat as volle seeman sonder dat 'n eksamen afgeneem word.
18. Eksaminering vir en die uitreiking van sertifikate as volle seeman aan gekwalifiseerde persone.
19. Toelating van persone wat nie al die vereiste kwalifikasies besit nie tot die kwalifiserende eksamen vir 'n sertifikaat as volle seeman.

HOOFSTUK III

20. Slaag of druip in eksamen.
21. Uitreiking van sertifikate.

HOOFSTUK IV

DIENS IN SKEPE, UITGESONDERD SUID-AFRIKAANSE SKEPE, EN OPLEIDINGSINRIGTINGS

22. Bewys van diens in skepe uitgesonderd Suid-Afrikaanse skepe.
23. Opleidingsinrigtings.

HOOFSTUK V

GELDE

24. Wanneer gelde betaalbaar is.
25. Waar gelde betaalbaar is.
26. Tabel van gelde.

HOOFSTUK VI

27. Kansellering of skorsing van sertifikate en hereksaminering van die houers van die sertifikate.

Aanhangsel A.—Stuersertifikaat.

Aanhangsel B.—Kennisgewing dat 'n kandidaat gedruip het in die eksamen ooreenkomstig die Regulasies betreffende Bevoegdheidsertifikate.

Aanhangsel C.—Bevoegdheidsertifikaat as reddingsbootman.

Aanhangsel D.—Magtiging tot aflewering van 'n bekwaamheidsertifikaat of bevoegdheidsertifikaat.

Aanhangsel E.—Bevoegdheidsertifikaat as volle seeman.

Aanhangsel F.—Kennisgewing dat 'n kandidaat geslaag het in die eksamen ooreenkomstig die Regulasies betreffende Bevoegdheidsertifikate.

Aanhangsel G.—Eksamen vir 'n bevoegdheidsertifikaat as reddingsbootman.

Aanhangsel H.—Kwalifiserende eksamen vir 'n Bevoegdheidsertifikaat as volle seeman — syllabus.

HOOFSTUK I

ALGEMEEN

Titel

1. Hierdie regulasies heet die Regulasies betreffende Bevoegdheidsertifikate, 1976.

7. Testimonials required.
8. Service found to be insufficient.
9. Copies of lost certificates.
10. Misconduct by candidates.

CHAPTER II

GRADES OF CERTIFICATES, AGE LIMITS AND QUALIFICATIONS REQUIRED

LIFEBOATMAN

11. Qualifications.
12. Examination for a certificate as lifeboatman.

STEERING QUALIFICATIONS

13. Steering certificates.

ABLE SEAMAN

14. Qualifying service.
15. Calculation of sea service.
16. Qualifying examination for a certificate as able seaman.
17. Granting of a certificate as able seaman without examination.
18. Examination for, and the issue to qualified persons of certificates as able seaman.
19. Admission to the qualifying examination for a certificate as able seaman of persons who do not hold all the required qualifications.

CHAPTER III

20. Success or failure in examination.
21. Issue of certificates.

CHAPTER IV

SERVICE IN SHIPS OTHER THAN SOUTH AFRICAN SHIPS, AND TRAINING ESTABLISHMENTS

22. Evidence as to service in ships other than South African ships.
23. Training establishments.

CHAPTER V

FEES

24. When to pay fees.
25. Where to pay fees.
26. Table of fees.

CHAPTER VI

27. Cancellation or suspension of certificates and re-examination of holders.

Annexure A.—Steering certificate.

Annexure B.—Notification of failure in examination under Certificates of Qualification Regulations.

Annexure C.—Certificate of qualification as lifeboatman.

Annexure D.—Authority for delivery of a certificate of competency or qualification.

Annexure E.—Certificate of qualification as able seaman.

Annexure F.—Notification of pass in examination under the Certificates of Qualification Regulations.

Annexure G.—Examination for a certificate of qualification as lifeboatman.

Annexure H.—Qualifying examination for a certificate of qualification as able seaman—syllabus.

CHAPTER I

GENERAL

Title

1. These regulations shall be called the Certificates of Qualification Regulations, 1976.

Woordomskrywing

2. In hierdie regulasies beteken "die Wet" die Handel-skeepvaartwet, 1951 (Wet 57 van 1951);

"sertifikaat" 'n bevoegdheidsertifikaat, en ook bevoegdheidsertifikaat as reddingsbootman en 'n bevoegdheidsertifikaat as volle seeman;

"sertifikaat as reddingsbootman" 'n sertifikaat wat die houer daartoe geregtig maak om as 'n reddingsbootman in 'n Suid-Afrikaanse skip diens te doen;

"sertifikaat as volle seeman" 'n sertifikaat wat die houer daartoe geregtig maak om as volle seeman in 'n Suid-Afrikaanse skip diens te doen;

"eksaminator" die persoon wat kragtens artikel 112 (5) van die Wet as sodanig aangestel word,

en tensy uit die samehang anders blyk, het enige woord of uitdrukking waaraan daar in die Wet 'n betekenis geheg is, wanneer dit in hierdie regulasie gebruik word, die betekenis, aldus daaraan geheg.

Sekretaris moet benoembaarheid van kandidate vasstel

3. As daar twyfel ontstaan omtrent die benoembaarheid van 'n kandidaat vir enige sertifikaat of omtrent sy toelating tot enige eksamen in verband met 'n sertifikaat word die saak, ongeag die bepalings van hierdie regulasies, na die Sekretaris verwys, wie se beslissing finaal is.

Plekke waar eksamens gehou word

4. Eksamens word gehou op plekke en tye soos deur die Sekretaris bepaal.

Aansoekvorm

5. (1) 'n Kandidaat vir eksaminering, of vir die toekenning aan hom van 'n sertifikaat ooreenkomstig hierdie regulasies moet aansoek doen op die vorm deur die Sekretaris goedgekeur.

(2) Die ingevulde vorm, tesame met die voorgeskrewe gelde en die applikant se—

(a) geboortesertifikaat;

(b) verslagboek of ander dokumentêre bewys van seediens; en

(c) getuigskrifte soos in regulasie 7 voorgeskryf; moet ingedien word by die kantoor van of gepos word aan die bevoegde beampte by die hawe waar die applikant die eksamen wil aflê, of as die aansoek nie op 'n eksamen betrekking het nie, die bevoegde beampte by die naaste hawe. Met dien verstande dat indien 'n applikant geen geboortesertifikaat kan toon nie ander bevredigende bewys van ouderdom aanvaar kan word.

(3) As 'n kandidaat in besit is van 'n geldige slaagsertifikaat wat uitgereik is ooreenkomstig die bepalings van regulasie 19, moet hy, alvorens 'n sertifikaat as volle seeman aan hom toegeken word, sodanige slaagsertifikaat by die bevoegde beampte of eksaminator indien.

Twyfelagtige gevalle en navrae

6. (1) 'n Kandidaat by wie daar twyfel bestaan of hy vir die aflê van 'n eksamen vir 'n sertifikaat in aanmerking kan kom en of hy in aanmerking kan kom vir die toekenning aan hom van 'n sertifikaat, kan die toepaslike dokumente in regulasie 5 uiteengesit, en behoorlik ingevul, aan die eksaminator of die bevoegde beampte stuur.

(2) Enige verdere navraag met betrekking tot sodanige eksamen of sertifikaat moet gerig word aan die eksaminator of die bevoegde beampte en enige sodanige dokumente as wat op die navraag betrekking het, moet voorgelê word, en die punt waaroor inligting verlang word, moet duidelik in die navraag uiteengesit word. Aansoeke om inligting uit die buiteland kan gerig word aan die Sekretaris van Vervoer, Pretoria.

Interpretation

2. In these regulations "the Act" means the Merchant Shipping Act, 1951 (Act 57 of 1951);

"certificate" means a certificate of qualification, and includes a certificate of qualification as lifeboatman and a certificate of qualification as able seaman;

"certificate as lifeboatman" means a certificate of qualification entitling the holder to act as a lifeboatman in a South African ship;

"certificate as able seaman" means a certificate of qualification entitling the holder to act as an able seaman in a South African ship;

"examiner" means the person appointed as such in terms of section 112 (5) of the Act,

and any word or expression to which a meaning has been assigned in the Act shall, when used in these regulations, unless the context otherwise indicates, bear the same meaning.

Secretary to determine eligibility

3. If any doubt arises as to the eligibility of any candidate to any certificate or to his admission to any examination in connection with a certificate, the matter shall, notwithstanding the provisions of these regulations, be referred to the Secretary, whose decision shall be final.

Places of examination

4. Examinations shall be held at places and on days to be determined by the Secretary.

Form of application

5. (1) A candidate for examination, or for the grant to him of a certificate under these regulations, shall apply on the form approved by the Secretary.

(2) The completed form together with the prescribed fee and accompanied by the applicant's—

(a) birth certificate;

(b) record book or other documentary proof of sea service; and

(c) testimonials as prescribed in regulation 7, shall be handed in at the office of, or posted to, the proper officer at the port at which the applicant wishes to be examined or, if the application does not relate to an examination, the proper officer at the nearest port: Provided that if an applicant is unable to produce his birth certificate, other satisfactory proof of age may be accepted.

(3) If a candidate is in possession of a valid pass certificate issued in accordance with the provisions of regulation 19, he shall hand in such pass certificate to the proper officer or examiner before being granted a certificate as able seaman.

Doubtful cases and enquiries

6. (1) A candidate who has any doubt as to whether he is eligible to undergo the examination for a certificate or whether he is eligible for the grant to him of a certificate, may forward the appropriate documents enumerated in regulation 5, duly completed, to the examiner or the proper officer.

(2) Any other enquiry pertaining to such examination or certificate shall be addressed to the examiner or the proper officer, with submission of any such documents as may be relevant to the enquiry, and shall clearly set out the point on which information is sought.

Vereiste getuigskrifte

7. (1) 'n Kandidaat vir 'n sertifikaat moet bevredigende getuigskrifte voorlê aangaande karakter (met inbegrip van soberheid), ondervinding, bekwaamheid en algemene goeie gedrag aan boord van 'n skip en indien 'n getuigskrif in verband met seediens verlang word, moet dit minstens die laaste ses maande van sodanige diens dek.

(2) Getuigskrifte moet onderteken wees deur die eienaar of gesagvoerder van die vaartuig waarin die diens verrig is.

Onvoldoende diens

8. (1) Indien daar bevind word dat 'n kandidaat, nadat hy in 'n eksamen geslaag het, onvoldoende diens het vir die toekenning aan hom van 'n sertifikaat van die graad waarin hy geslaag het, word sodanige sertifikaat, behoudens die bepalinge van hierdie regulasie, nie aan hom toegeken nie.

(2) Indien die Sekretaris daarvan oortuig is dat die fout in die berekening van die kandidaat se dienstyd nie weens die skuld of opsetlike wanvoorstelling van die kandidaat ontstaan het nie, word die sertifikaat teruggehou hangende die voorlegging van bevredigende bewys dat al die vereiste diens voltooi is, waarop die sertifikaat, behoudens die bepalinge van hierdie regulasies, aan hom uitgereik word.

(3) Indien die Sekretaris daarvan oortuig is dat die kandidaat opsetlik verkeerde inligting verstrek het, word die sertifikaat teruggehou totdat die kandidaat al die vereiste kwalifiserende diens voltooi het en sodanige verdere dienstyd voltooi het as wat die Sekretaris bepaal en die toepaslike gelde weer betaal het en opnuut in die eksamen geslaag het.

(4) Addisionele diens deur 'n kandidaat ooreenkomstig paragraaf (3) verrig, kom nie as kwalifiserende diens vir enige ander sertifikaat in aanmerking nie.

Afskrifte van verlore sertifikate

9. (1) 'n Applikant vir 'n gewaarmerkte afskrif van 'n verlore sertifikaat as reddingsbootman of volle seeman moet aansoek doen op die vorm deur die Sekretaris goedgekeur, met vermelding van die nodige besonderhede, en moet dit by die bevoegde beampte indien en terselfdertyd R1 betaal.

(2) 'n Verklaring aangaande die omstandighede waaronder die sertifikaat verlore geraak het, moet deur die applikant gedoen word voor die bevoegde beampte wat die aansoekvorm aan die Sekretaris moet deurstuur.

(3) As die applikant kan bewys dat die sertifikaat weens skipbreuk of brand aan boord verlore geraak het, is geen gelde betaalbaar nie.

Wangedrag van kandidate

10. Indien 'n kandidaat—

(a) voor of gedurende 'n eksamen; of

(b) andersins vir die doel om 'n bevoegdheidsertifikaat te verkry;

aan 'n eksaminator of enige ander persoon wat kragtens die Wet in diens is, geld of ander beweegmiddel aangebied het met die doel om hom enigerwyse in verband met daardie eksaminering te beïnvloed of om daardie sertifikaat te verkry, stel die Sekretaris ondersoek in en as hy daarvan oortuig is dat die kandidaat vir dié doel so 'n aanbod gemaak het, kan hy—

(i) weier dat die kandidaat geëksamineer word of, as daar reeds met die eksamen 'n aanvang gemaak is, kan hy die eksaminator gelas om die eksamen te staak of, as die eksamen reeds afgelê is, kan hy die uitslag daarvan kanselleer en gelas dat die gelde wat deur die kandidaat betaal is, verbeurd verklaar word en weier dat die kandidaat hom weer in die Republiek vir die

Testimonials required

7. (1) A candidate for a certificate shall produce satisfactory testimonials as to character (including sobriety), experience, ability and general good conduct on board ship, and if a testimonial covering sea service is required, it shall cover at least the last six months of such service.

(2) Testimonials shall be signed by the owner or master of the vessel in which the service was performed.

Service found to be insufficient

8. (1) If after a candidate has passed an examination it is discovered that his service is insufficient to entitle him to receive a certificate of the grade for which he has passed, the certificate shall, subject to the provisions of this regulation, not be granted to him.

(2) If the Secretary is satisfied that the error in the calculation of the candidate's service did not occur through the fault or wilful misrepresentation of the candidate, the certificate shall be withheld pending the production of satisfactory proof that the necessary service has been completed in full, upon which the certificate shall, subject to the provisions of these regulations, be issued to him.

(3) If the Secretary is satisfied that the candidate made a wilful misrepresentation with regard to his service, the certificate shall be withheld until the candidate has completed the necessary qualifying service in full, has performed such further period of service as the Secretary may determine, has again paid the appropriate fee and has again passed the examination.

(4) Any additional service performed by a candidate in terms of paragraph (3) shall not be taken into account as qualifying service for any other certificate.

Copies of lost certificates

9. (1) An applicant for a certified copy of a lost certificate as lifeboatman or able seaman shall apply on the form approved by the Secretary, giving the necessary particulars, and shall hand it to the proper officer, paying at the same time a fee of R1.

(2) A declaration as to the circumstances in which the certificate was lost shall be made by the applicant before the proper officer, who shall transmit the form of application to the Secretary.

(3) No fee is chargeable if the applicant shows that the certificate was lost through shipwreck or fire on board ship.

Misconduct by candidates

10. If a candidate—

(a) prior to or during the course of an examination; or

(b) otherwise for the purposes of obtaining a certificate of qualification;

offers any sum of money or other inducement whatsoever to any examiner or any other person employed under the Act, for the purpose of influencing him in any manner in relation to that examination or to obtaining that certificate the Secretary shall enquire into the matter and if he is satisfied that the candidate has made such an offer for the said purpose, he may—

(i) refuse to permit the candidate to be examined, or if the examination has already commenced, may direct the examiner not to continue with the examination, or if the examination has already been completed, may cancel the result thereof, and may order the forfeiture of any fee paid by the candidate and may refuse to allow

af lê van enige toekomstige eksamen aanmeld gedurende 'n tydperk van hoogstens 12 maande, gereken vanaf die datum waarop sodanige aanbod gemaak is; of

(ii) die toekenning van 'n sertifikaat weier en gelas dat die gelde wat deur die kandidaat vir so 'n sertifikaat betaal is verbeurd verklaar word en magtiging tot die toekenning van so 'n sertifikaat weier vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande gereken vanaf die datum waarop sodanige aanbod gemaak is.

HOOFSTUK II

GRADE VAN SERTIFIKATE, OUDERDOMSGRENSE EN VEREISTE KWALIFIKASIES REDDINGSBOOTMAN

Kwalifikasies

11. 'n Kandidaat vir 'n sertifikaat as reddingsbootman moet minstens 18 jaar oud wees en moet minstens ses maande diens ter see verrig het, en moet aan geen liggaamlike of ander gebrek ly wat hom ongeskik sal maak om die pligte van 'n reddingsbootman uit te voer nie.

Eksamen vir 'n sertifikaat as reddingsbootman

12. (1) Die kandidaat moet die eksaminator daarvan oortuig dat hy—

(a) bevele met betrekking tot die tewaterlating van reddingsbote, die gebruik van roeispane en die hantering van 'n reddingsboot onder spane of seil begryp, kan gee en hulle kan uitvoer;

(b) die algemene beginsels met betrekking tot die hantering van 'n reddingsboot in 'n stroomstreek en in onweer en met betrekking tot die landing op alle soorte strande of in branders begryp;

(c) vertrouwd is met 'n reddingsboot en sy toerusting en die aansit en hantering van die enjin van 'n krag-aangedrewe boot; en

(d) die verrigtinge verbonde aan die tewaterlating van 'n reddingsvlot begryp, hetsy dit 'n tipe is wat 'n tewaterlatingtoestel vereis al dan nie, en vertrouwd is met die prosedure om te verseker dat die opblaasbare tipe reddingsvlot behoorlik opgeblaas word.

(2) Die wyse waarop die eksamen afgeneem sal word en die prosedure wat daarby gevolg moet word, moet wees soos in Aanhangsel G uiteengesit.

STUURKWALIFIKASIES

Stuursertifikaat

13. (1) 'n Kandidaat wat 'n eksamen wil aflê vir 'n sertifikaat as volle seeman moet deur middel van stuursertifikaat bewys dat hy, benewens tydperke van onderrig, vir tydperke wat altesaam minstens 10 uur beloop sy beurt waargeneem het aan die stuur van 'n skip van 100 bruto ton of meer, uitgesonderd 'n vissersboot, robbevaarder of walvisvaarder met landbasis.

(2) Die gesagvoerder van elke skip waarop 'n seeman beurte aan die stuur waarneem, reik op versoek van die betrokke seeman aan hom 'n stuursertifikaat uit in die vorm wat in Aanhangsel A uiteengesit word, met vermelding van die tyd wat die seeman aan hierdie plig bestee het.

VOLLE SEEMAN

Kwalifiserende diens

14. Behoudens die bepalings van regulasies 15, 18 en 19, beteken kwalifiserende diens: diens wat werklik ter see verrig word in 'n dekhoedanigheid op skepe van 15 bruto ton of meer, met inbegrip van diens in skepe van die Suid-Afrikaanse Vloot wat ter see vaar: Met dien verstande dat—

(a) diens wat verrig word op skepe van 15 bruto ton of meer maar minder as 100 bruto ton teen die helfte van die dienstydsperk bereken word; en

him to present himself at any future examination in the Republic, for a period not exceeding 12 months from the date of the making of such offer; or

(ii) refuse the granting of a certificate and may order the forfeiture of any fee paid by the candidate for such a certificate and may refuse to authorise the granting of such a certificate for a period not exceeding 12 months from the date of the making of such offer.

CHAPTER II

GRADES OF CERTIFICATES, AGE LIMITS AND QUALIFICATIONS REQUIRED

LIFEBOATMAN

Qualifications

11. A candidate for a certificate as lifeboatman shall be not less than eighteen years of age, shall have served at sea for not less than six months and shall be free from any physical or other disability which would render him unfit to perform the duties of a lifeboatman.

Examination for a certificate as lifeboatman

12. (1) The candidate shall satisfy the examiner that he—

(a) understands and is able to give and carry out orders relating to the launching of lifeboats, the use of oars and the handling of a lifeboat under oars or sail;

(b) understands the general principles of boat management in a tideway and in bad weather, and in landing on all kinds of beaches or in a surf;

(c) is familiar with a lifeboat and its equipment and the starting and running of the engine of a powered boat; and

(d) understands the operation of launching a liferaft whether of the type requiring a launching device or not, and the procedure to ensure the proper inflation of the inflatable type of liferaft.

(2) The manner in which the examination shall be conducted and the procedure to be followed thereat shall be as set forth in Annexure G.

STEERING QUALIFICATIONS

Steering certificates

13. (1) A candidate who wishes to be examined for a certificate as able seaman is required to prove by means of steering certificates that he has, apart from periods of instruction, spent periods amounting to a total of at least 10 hours in taking turns at the wheel in steering a ship of 100 gross tons or more other than a fishing, sealing or shore-based whaling boat.

(2) The master of each ship in which turns at the wheel are taken shall, upon request by the seaman concerned, issue to him a steering certificate in the form set forth in Annexure A, indicating the time spent on this duty.

ABLE SEAMAN

Qualifying service

14. Subject to regulations 15, 18 and 19, qualifying service means actual service at sea in a deck rating on ships of 15 gross tons or more, including service in seagoing ships of the South African Navy: Provided that—

(a) service performed on ships of 15 gross tons or more but less than 100 gross tons shall count at half rate; and

(b) diens wat verrig word op skepe van 100 bruto ton of meer vir die volle tydperk tel.

Berekening van seediens

15. (1) Alle tydperke van kwalifiserende diens word bereken vanaf die aanvang tot die beëindiging van 'n reis, maar in die geval van diens wat ingevolge 'n ooreenkoms met die bemanning of ander dienskontrak gelewer word, word die volle dienstyd wat deur die ooreenkoms of ander kontrak gedek word, as kwalifiserende diens aanvaar, mits vier-vyftes daarvan ter see verrig is. Indien daar nie aan die vereiste van vier-vyftes voldoen word nie, moet die tekort aangevul word deur addisionele diens ter see.

(2) Die bewyslas van bevredigende seediens rus op die kandidaat.

Kwalifiserende eksamen vir 'n sertifikaat as volle seeman

16. (1) 'n Kandidaat word geëksamineer in (a) skeepvaartkennis, (b) praktiese werk, en (c) bootwerk, ooreenkomstig die sillabus wat in Aanhangsel H uiteengesit is.

(2) Van 'n kandidaat word nie verlang dat hy skriftelike antwoorde moet gee nie, aangesien die eksamen slegs mondeling en prakties is.

Toekening van 'n sertifikaat as volle seeman sonder dat 'n eksamen afgeneem word

17. 'n Seeman wat deur middel van 'n ontslagsertifikaat of ander aanneemlike dokument bewys kan lewer dat hy op of voor die dag waarop die Wet in werking getree het as volle seeman of in 'n gelykstaande of hoër dekhoedanigheid in 'n Suid-Afrikaanse skip diens gedoen het, is geregtig op 'n sertifikaat as volle seeman sonder om in 'n eksamen te slaag, en so 'n sertifikaat word aan hom toegeken.

Eksaminering vir en die uitreiking aan gekwalifiseerde persone van sertifikate as volle seeman

18. (1) Behoudens die bepalings van paragraaf (3), kan enige seeman wat—

- (a) die ouderdom van 18 jaar bereik het;
- (b) ses-en-dertig maande kwalifiserende diens verrig het, waarvan minstens nege maande bestee is in skepe (uitgesonderd vissersbote, robbevaarders of walvisvaarders met landbasis) van 100 bruto ton of meer;
- (c) stuersertifikate vir 'n minimum tydperk van 10 uur ooreenkomstig die bepalings van regulasie 13 voorlê; en
- (d) in besit is van geldige sertifikaat as reddingsbootman;

geëksamineer word vir 'n sertifikaat as volle seeman.

(2) Behoudens die bepalings van paragraaf (3), kan aan enige seeman wat—

- (a) die ouderdom van 18 jaar bereik het;
- (b) ses-en-dertig maande kwalifiserende diens verrig het, waarvan minstens nege maande bestee is in skepe (uitgesonderd vissersbote, robbevaarders of walvisvaarders met landbasis) van 100 bruto ton of meer;
- (c) in besit is van 'n geldige slaagsertifikaat uitgereik ooreenkomstig die bepalings van regulasie 19; en
- (d) in besit is van 'n geldige sertifikaat as reddingsbootman;

'n sertifikaat as volle seeman sonder verdere eksaminering uitgereik word.

(3) Die tydperk van 36 maande kwalifiserende diens wat ooreenkomstig subregulasies (1) en (2) vereis word, is onderworpe aan 'n korting ten opsigte van enige diens-tydperk aan 'n opleidingsinrigting wat die Sekretaris bepaal as kwalifiserend ooreenkomstig die bepalings van paragraaf (b) van die voorbehoudsbepaling van regulasie 23, onderworpe aan 'n maksimum korting van ses maande.

(4) 'n Sertifikaat as volle seeman word toegeken ooreenkomstig die bepalings van regulasies 21 (2) en (3).

(b) service performed on ships of 100 gross tons or more shall count at the full rate.

Calculation of sea service

15. (1) All periods of qualifying service shall be calculated from the commencement to the termination of a voyage, but in the case of service under an agreement with the crew or other contract of service, the whole period covered by the agreement or other contract shall be accepted as qualifying, provided four-fifths thereof have been spent at sea. Where the four-fifths requirement is not met the deficiency shall be made up by additional service at sea.

(2) The onus of producing acceptable proof of sea service shall rest upon the candidate.

Qualifying examination for a certificate as able seaman

16. (1) A candidate shall be examined in (a) nautical knowledge, (b) practical work and (c) boatwork in accordance with the syllabus set forth in Annexure H.

(2) A candidate shall not be required to give written answers, as the examination is oral and practical only.

Granting of a certificate as able seaman without examination

17. Any seaman who is able to prove by means of a certificate of discharge or other acceptable document that on or before the day on which the Act came into force he was serving as able seaman or in an equivalent or superior deck rating in a South African ship, shall be entitled to a certificate as able seaman without having to pass an examination and shall be granted such a certificate.

Examination for and the issue to qualified persons of certificates as able seaman

18. (1) Subject to the provisions of paragraph (3), any seaman who—

- (a) has attained the age of 18 years;
- (b) has performed 36 months of qualifying service of which at least nine months shall have been spent in ships (other than fishing, sealing, or shore-based whaling boats) of 100 gross tons or more;
- (c) produces steering certificates for a minimum period of 10 hours in accordance with the provisions of regulation 13; and
- (d) is in possession of a valid certificate as lifeboatman;

may be examined for a certificate as able seaman.

(2) Subject to the provisions of paragraph (3), any seaman who—

- (a) has attained the age of 18 years;
- (b) has performed 36 months of qualifying service of which at least nine months shall have been spent in ships (other than fishing, sealing or shore-based whaling boats) of 100 gross tons or more;
- (c) is in possession of a valid pass certificate issued in accordance with the provisions of regulation 19; and
- (d) is in possession of a valid certificate as lifeboatman;

may be issued with a certificate as able seaman without further examination.

(3) The period of 36 months qualifying service required in terms of subregulations (1) and (2) shall be subject to a remission in respect of any period served at a training establishment which the Secretary may determine as qualifying in accordance with the provisions of paragraph (b) of the proviso to regulation 23, subject to a maximum remission of six months.

(4) A certificate as able seaman shall be granted in accordance with the provisions of regulations 21 (2) and (3).

Toelating van persone wat nie al die vereiste kwalifikasies besit nie tot die kwalifiserende eksamen vir 'n sertifikaat as volle seeman

19. Enige seeman wat—

- (a) die ouderdom van 18 jaar bereik het;
- (b) kwalifiserende diens 12 maande lank verrig het, waarvan minstens drie maande bestee is in skepe (uitgesonderd vissersbote, robbewaarders of walvisvaarders met landbasis) van 100 bruto ton of meer; en
- (c) stuursertifikate vir 'n minimum tydperk van 10 uur ooreenkomstig die bepaling van regulasie 13 voorlê; kan, ondanks die bepaling van regulasie 18 (1), toegelaat word tot die kwalifiserende eksamen vir 'n sertifikaat as volle seeman en indien hy daarin slaag, word 'n slaagsertifikaat ooreenkomstig die bepaling van regulasie 21 (4) aan hom uitgereik.

HOOFSTUK III

SLAAG OF DRUIP IN EKSAMEN

20. (1) Die eksaminator mag geen kandidaat in 'n eksamen laat slaag nie, tensy hy uit die antwoorde van die kandidaat daarvan oortuig is dat die kandidaat die nodige teoretiese en praktiese kennis besit om hom in staat te stel om die pligte verbonde aan die rang in 'n skip te verrig wat die sertifikaat waarvoor hy geëksamineer word hom die reg sou gee om te beklee.

(2) Aan 'n kandidaat wat druipe in 'n eksamen ooreenkomstig hierdie regulasies word die vorm wat in Aanhangsel B uiteengesit is, uitgereik.

UITREIKING VAN SERTIFIKATE

21. (1) Aan 'n kandidaat wat slaag in die eksamen vir 'n sertifikaat as reddingsbootman word 'n sertifikaat as reddingsbootman uitgereik in die vorm in Aanhangsel C uiteengesit.

(2) 'n Kandidaat wat ooreenkomstig regulasie 17 of 18 vir 'n sertifikaat as volle seeman kwalifiseer, ontvang van die eksaminator 'n vorm soos uiteengesit in Aanhangsel D, behoorlik ingevul waarin die persoon aan wie dit gerig is, gemagtig word om die sertifikaat aan die kandidaat af te lewer. 'n Sertifikaat as volle seeman moet in die vorm wees wat in Aanhangsel E uiteengesit is.

(3) 'n Sertifikaat as volle seeman moet in die vorm wees soos uiteengesit in Aanhangsel E.

(4) 'n Kandidaat wat in die eksamen ooreenkomstig die bepaling van regulasie 19 slaag, ontvang van die eksaminator 'n slaagsertifikaat in die vorm in Aanhangsel F uiteengesit.

(5) (a) 'n Sertifikaat as reddingsbootman word toegeken deur die eksaminator wat die eksamen afgeneem het.

(b) 'n Sertifikaat as volle seeman word deur die Sekretaris toegeken.

HOOFSTUK IV

DIENS IN SKEPE, UITGESONDERD SUID-AFRIKAANSE SKEPE, EN OPLEIDINGSINRICHTINGS

Bewys van diens in skepe, uitgesonderd Suid-Afrikaanse skepe

22. (1) As 'n kandidaat aanspraak maak op seediens in skepe wat nie in die Republiek geregistreer is nie en sodanige diens nie deur die Sekretaris bevestig kan word nie, word die diens bevestig deur 'n bevoegde gesag van die land waaraan die skip waarop die kandidaat diens verrig het, behoort.

(2) Indien die afdoendheid van die bewyse wat gelewer word enigszins twyfelagtig voorkom, word alle dokumente vir beslissing na die Sekretaris verwys.

Opleidingsinrigtings

23. 'n Tydperk van diens, na die bereiking van die ouderdom van 14 jaar, aan 'n opleidingsinrigting, hetsy op land of nie, deur die Sekretaris goedgekeur word, soos in regulasie 18 (3) beoog, in aanmerking geneem by die

Admission to the qualifying examination for a certificate as able seaman of persons who do not hold all the required qualifications.

19. Any seaman who—

(a) has attained the age of 18 years;

(b) has performed 12 months of qualifying service of which at least three months shall have been spent in ships (other than fishing, sealing or shore-based whaling boats) of 100 gross tons or more; and

(c) produces steering certificates for a minimum period of 10 hours in accordance with the provisions of regulation 13;

may, notwithstanding the provisions of regulation 18 (1), be admitted to the qualifying examination for a certificate as able seaman and if successful therein shall be issued with a pass certificate in accordance with the provisions of regulation 21 (4).

CHAPTER III

SUCCESS OR FAILURE IN EXAMINATION

20. (1) A candidate shall not be passed by the examiner unless the examiner is satisfied from the candidate's answers that he has the theoretical and practical knowledge necessary to enable him to perform the duties of the position in the ship which the certificate for which he is being examined would entitle him to occupy.

(2) A candidate who fails in an examination under these regulations shall be issued with the form set forth in Annexure B.

ISSUE OF CERTIFICATES

21. (1) A candidate who passes the examination for a certificate as lifeboatman shall be issued with a certificate as lifeboatman in the form set forth in Annexure C.

(2) A candidate who qualifies under regulation 17 or 18 for a certificate as able seaman shall receive from the examiner a form set forth in Annexure D, duly completed, authorising the person to whom it is addressed to deliver the certificate to him.

(3) A certificate as able seaman shall be in the form set forth in Annexure E.

(4) A candidate who passes the examination in accordance with the provisions of regulation 19, shall receive from the examiner a pass certificate in the form set forth in Annexure F.

(5) (a) A certificate as lifeboatman shall be granted by the examiner who conducted the examination.

(b) A certificate as able seaman shall be granted by the Secretary.

CHAPTER IV

SERVICE IN SHIPS OTHER THAN SOUTH AFRICAN SHIPS, AND TRAINING ESTABLISHMENTS

Evidence as to service in ships other than South African ships

22. (1) Where a candidate claims sea service in ships not registered in the Republic and such service cannot be verified by the Secretary, the service shall be confirmed by a competent authority of the country to which the ship in which the candidate served belonged.

(2) If the sufficiency of the proof given appears to be at all doubtful, all papers shall be referred to the Secretary for decision.

Training establishments

23. Time served after the attainment of the age of 14 years at a training establishment, approved by the Secretary, whether on shore or not, shall as contemplated in regulation 18 (3) count towards the period of qualifying

berekening van die tydperk van kwalifiserende seediens wat vir 'n sertifikaat as volle seeman vereis word: Met dien verstande dat—

(a) die kandidaat 'n bevredigende sertifikaat van die prinsipaal of ander persoon in beheer van die inrigting voorlê waarin gemeld word dat die kandidaat die opleidingskursus wat deur die inrigting aangebied word, voltooi het en waarin getuig word van sy goeie gedrag en bekwaamheid tot op die datum waarop hy die inrigting verlaat het;

(b) die Sekretaris ten opsigte van elke inrigting wat deur hom goedgekeur is, moet vasstel watter gedeelte van die tyd wat by daardie inrigting bestee is, as kwalifiserende diens moet tel.

HOOFSTUK V GELDE

Wanneer gelde betaalbaar is

24. 'n Kandidaat vir 'n eksamen moet die gelde betaal voordat die eksamen afgeleë word.

Waar gelde betaalbaar is

25. Die gelde vir 'n eksamen moet betaal word aan die naaste bevoegde beampte wat 'n kwitansie moet uitreik met vermelding van—

- die naam van die kandidaat;
- die bedrag wat betaal is; en
- die graad van die sertifikaat.

Tabel van gelde

26. (1) Ondervermelde gelde moet betaal word:

	R
(a) Vir 'n eksamen ooreenkomstig regulasie 12.....	1,00
(b) Vir 'n eksamen ooreenkomstig regulasie 16.....	1,00
(c) Vir 'n sertifikaat ooreenkomstig regulasie 17.....	1,00
(d) Vir 'n eksamen ooreenkomstig regulasie 18 (1)....	1,00
(e) Vir 'n eksamen ooreenkomstig regulasie 19.....	1,00

(2) Geen gelde word gevorder vir 'n hereksamen ooreenkomstig regulasie 27 (2) of vir 'n sertifikaat wat ooreenkomstig regulasie 18 (2) toegeken word nie.

(3) Geen gelde word gevorder vir die uitreiking van 'n stuurcertifikaat ooreenkomstig regulasie 13 nie.

HOOFSTUK VI

KANSELLERING VAN OPSKORTING VAN SERTIFIKATE EN HEREKSAMINERING VAN DIE HOUDERS VAN DIE SERTIFIKATE

27. (1) Ondanks enigiets in hierdie regulasies vervat, kan die Sekretaris 'n sertifikaat wat ooreenkomstig hierdie regulasies uitgereik of toegeken is, kanselleer of opskort indien die houer daarvan die sertifikaat op grond van onjuiste inligting verkry het.

(2) (a) Indien dit onder die aandag van die Sekretaris kom dat die houer van 'n sertifikaat wat ooreenkomstig hierdie regulasies uitgereik is, nie meer die nodige kwalifikasies besit nie, kan hy vereis dat die houer van die sertifikaat hom vir hereksaminering aanmeld.

(b) Indien die uitslag van die hereksamen nie tot tevredenheid van die Sekretaris is nie, kan hy die sertifikaat wat voorheen aan die houer uitgereik is, kanselleer.

(3) As 'n persoon hom verontreg voel deur die beslissing van die Sekretaris ooreenkomstig subregulasie (2) kan hy na die Minister appelleer, wie se beslissing in die saak finaal is.

AANHANGSEL/ANNEXURE A

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA—REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
DEPARTEMENT VAN VERVOER—DEPARTMENT OF TRANSPORT
MARINE-AFDELING/MARINE DIVISION

[Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet 57 van 1951)]—[Merchant Shipping Act, 1951 (Act 57 of 1951)]

STUURCERTIFIKAAT—STEERING CERTIFICATE

Let wel.—Hierdie sertifikaat moet uitgereik word slegs ten opsigte van diens in skepe van 100 of meer bruto register-ton. Diens in vissersbote, robbevaarders of walvisvaarders met landbasis is nie aanneemlik nie.

Note.—This certificate must be issued only in respect of service in ships of 100 or more gross register tons. Service in fishing, sealing or shore-based whaling boats is not acceptable.

sea service required for a certificate as able seaman: Provided that—

(a) the candidate produces a satisfactory certificate from the principal or other person in charge of the establishment to the effect that the candidate has completed the course of training provided by the establishment and testifying to his good conduct and proficiency up to the time of his leaving the establishment;

(b) the Secretary shall determine in respect of each establishment approved by him what proportion of the time spent at that establishment shall count as qualifying service.

CHAPTER V FEES

When to pay fees

24. A candidate for an examination shall pay the fee before the examination takes place.

Where to pay fees

25. The fee for an examination shall be paid to the nearest proper officer, who shall issue a receipt, stating—

- the name of the candidate;
- the amount paid; and
- the grade of the certificate.

Table of fees

26. (1) The fees payable shall be as follows:

	R
(a) For an examination under regulation 12.....	1,00
(b) For an examination under regulation 16.....	1,00
(c) For a certificate under regulation 17.....	1,00
(d) For an examination under regulation 18 (1).....	1,00
(e) For an examination under regulation 19.....	1,00

(2) No fee shall be charged for a re-examination under regulation 27 (2) or for a certificate granted under regulation 18 (2).

(3) No fee shall be charged for the issue of a steering certificate under regulation 13.

CHAPTER VI

CANCELLATION OR SUSPENSION OF CERTIFICATES AND RE-EXAMINATION OF HOLDERS

27. (1) Notwithstanding anything contained in these regulations the Secretary may cancel or suspend a certificate issued or granted in terms of these regulations if the holder obtained the certificate on erroneous information.

(2) (a) If it comes to the notice of the Secretary that the holder of a certificate issued under these regulations no longer possesses the necessary qualifications, he may require the holder to present himself for re-examination.

(b) If the results of any such re-examination are not to the satisfaction of the Secretary, he may cancel the certificate as previously issued to the holder.

(3) If any person is aggrieved by the decision of the Secretary in terms of subregulation (2), he may appeal to the Minister whose decision in the matter shall be final.

A. Besonderhede van seeman/Particulars of seaman

Familienaam (in blokletters) Surname (in block letters)	Voorname (in blokletters) First names (in block letters)	Geboorteplek Place of birth

Geboortedatum Date of birth	Nasionaliteit Nationality	Ras Race	Gradering Rating	Verslagboeknommer No. of record book

B. Besonderhede van skip/Particulars of ship

Naam van skip Name of ship	Amptelike no. Official No.	Registrasiehawe Port of registry	Bruto tonnemaat Gross tonnage	Spesifiseer of stoomskip, motorskip, ander Specify whether steamship, motor-ship, other

Hierby word gesertifiseer dat bogenoemde seeman diens gedoen het as.....vanaf.....tot.....
 This is to certify that the above-mentioned seaman served as.....from.....to.....
 op bogenoemde skip en dat hy beurte waargeneem het aan die stuur van die skip (afgesien van tydperke van onderrig) op die volgende datums
 on the above-mentioned ship and that he took turns at the wheel in steering the ship (apart from periods of instruction) on the following dates
 en vir die volgende tydperke*:
 and for the following periods*:

Datum Date	Tydperk Period	Datum Date	Tydperk Period

Datum/Date..... Gesagvoerder/Master.....
 * Vul in die datums en die tydperke ten opsigte van elke datum.
 * Insert the dates and the periods in hours in respect of each date.

AANHANGSEL B
 REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
 DEPARTEMENT VAN VERVOER (MARINE-AFDELING)
 [Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet 57 van 1951)]

KENNISGEWING DAT 'N KANDIDAAT GEDRUIP HET IN 'N EKSAMEN OOREENKOMSTIG DIE REGULASIES BETREFFENDE BEVOEGDHEIDSERTIFIKATE

Familienaam (in blokletters).....
 Voorname.....
 Geboorteplek..... Geboortedatum.....
 No. van verslagboek..... Huidige gradering.....
 Ek wens u te verwittig dat u gedruip het in die eksamen wat op die.....dag van.....19.....te.....
 gehou is.
 (a) vir 'n bevoegdheidsertifikaat as reddingsbootman.
 (b) vir 'n sertifikaat toegeken op grond van die kwalifiserende eksamen ooreenkomstig regulasie 19.
 (c) vir 'n bevoegdheidsertifikaat as volle seeman.
 Die volgende dokumente word hierby ingesluit.....
 Datum..... Hawe.....
 Handtekening van eksaminator.....

Let wel.—Die eksaminator moet (a) of (b) of (c), watter ook al nie van toepassing is nie, skrap.

ANNEXURE B
 REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
 DEPARTMENT OF TRANSPORT (MARINE DIVISION)
 [Merchant Shipping Act, 1951 (Act 57 of 1951)]

NOTIFICATION OF FAILURE IN EXAMINATION UNDER THE CERTIFICATES OF QUALIFICATION REGULATIONS

Surname (in block letters).....
 First names.....
 Place of birth..... Date of birth.....
 No. of record book..... Present rating.....
 I have to inform you that you failed the examination held at.....on the.....day of.....19.....
 (a) for a certificate of qualification as lifeboatman
 (b) for a certificate granted on the strength of the qualifying examination under regulation 19
 (c) for a certificate of qualification as able seaman.
 The following documents are enclosed.....
 Datum..... Port.....
 Handtekening van eksaminator.....
 Signature of examiner.....

Note.—The examiner must strike out (a) of (b) or (c), whichever is not applicable.

AANHANGSEL/ANNEXURE C
 REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA/REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DEPARTEMENT VAN VERVOER—MARINE-AFDELING
 [Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet 57 van 1951), soos gewysig]
 DEPARTMENT OF TRANSPORT—MARINE DIVISION
 [Merchant Shipping Act, 1951 (Act 57 of 1951), as amended]
 BEVOEGDHEIDSERTIFIKAAT AS REDDINGSBOOTMAN
 CERTIFICATE OF QUALIFICATION AS LIFEBOATMAN

Naam en beskrywing van seeman/Name and description of seaman

Familiernaam (in blokletters) Surname (in block letters)	Voorname (in blokletters) First names (in block letters)	Geboorteplek Place of birth	Geboortedatum Date of birth

Nasionaliteit Nationality	Lengte Height	Kleur van oë Colour of eyes	Kleur van hare Colour of hair	Ras Race	Tatoeër- of ander onderskeidingsmerke Tattoo or other distinguishing marks	No. van verslagboek No. of record book

Hierby word gesertifiseer dat bogenoemde seeman geëksamineer is te
 This is to certify that the above-named seaman was examined at

op die dag van 19....., en my daarvan oortuig het dat hy die verrigtinge verbonde aan die
 on the day of and has satisfied me that he understands the operations connected
 tewaterlating van reddingsbote en die gebruik van roeispane begryp, dat hy vertrouwd is met die praktiese hantering van die bote self en dat
 with the launching of lifeboats and the use of oars, that he is acquainted with the practical handling of the boats themselves and that he is capable
 hy die bevele betreffende die hantering van reddingsbote kan verstaan en uitvoer.
 of understanding and answering the orders relative to the handling of lifeboats.

Gedateer te op hede die dag van 19.....
 Dated at this day of

Amptelike stempel.
 Official stamp.

Eksaminator/Examiner

Datum/Date.....

Handtekening van seeman/Signature of seaman

MAGTIGING TOT AFLEWERING VAN 'N BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT OF BEVOEGDHEIDSERTIFIKAAT
AUTHORITY FOR DELIVERY OF A CERTIFICATE OF COMPETENCY OR QUALIFICATION

Naam van applikant
 Name of applicant.....

Volgnommer
 Rotation number.....
 Graad waarin geslaag
 Grade for which passed.....
 Datum van eksamen
 Date of examination.....

Magtiging aan bogemelde kandidaat verleen
 Authority given to the above candidate to
 om sy *bekwaamheidsertifikaat/bevoegdheid-
 obtain his *certificate of competency/qualifi-
 sertiikaat te ontvang van die Bevoegde Beampte
 cation from the Proper Officer at the Port of
 by die Hawe

Datum
 Date.....
 Eksaminator
 Examiner.....

* Skrap die woord wat nie van toepassing is nie.
 * Delete the word which does not apply.

AANHANGSEL/ANNEXURE D
 REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA/REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DEPARTEMENT VAN VERVOER (MARINE-AFDELING)
 DEPARTMENT OF TRANSPORT (MARINE DIVISION)
 [Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet 57 van 1951), soos gewysig]
 [Merchant Shipping Act, 1951 (Act 57 of 1951), as amended]

MAGTIGING TOT AFLEWERING VAN 'N BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT OF BEVOEGDHEIDSERTIFIKAAT
AUTHORITY FOR DELIVERY OF A CERTIFICATE OF COMPETENCY OR QUALIFICATION

(L.W.—Hierdie magtiging is onderworpe aan die goedkeuring van die Sekretaris van Vervoer, Pretoria)
 (N.B.—This authority is subject to the approval of the Secretary for Transport, Pretoria)

Naam van applikant
 Name of applicant.....
 Graad waarin geslaag
 Grade for which passed.....
 Datum van eksamen
 Date of examination.....

Lengte Kleur van: Oë Hare Ras
 Height Colour of: Eyes..... Hair..... Race.....

Handtekening van applikant
 Signature of applicant

Lewer asseblief af aan bogemelde persoon die *bekwaamheidsertifikaat/bevoegdheid-
 Please deliver to the above-named person the certificate of *competency/qualification
 sertiikaat nadat hy die besonderhede wat daarin vereis word, ingevul het, asook getuig-
 when he has completed the particulars required therein, and testimonials or other
 skrifte of ander dokumente wat namens hom deur die Sekretaris van Vervoer, Pretoria,
 documents forwarded to you on his behalf by the Secretary for Transport, Pretoria,
 aan u gestuur is.

Hawe Datum
 Port..... Date..... 19.....

Aan Handtekening van eksaminator
 To..... Signature of examiner

* Skrap die woord wat nie van toepassing is nie.
 * Delete the word which does not apply.

AANHANGSEL/ANNEXURE E

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA/REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DEPARTEMENT VAN VERVOER (MARINE-AFDELING)
[Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet 57 van 1951), soos gewysig]

DEPARTMENT OF TRANSPORT (MARINE DIVISION)
[Merchant Shipping Act, 1951 (Act 57 of 1951), as amended]

BEVOEGDHEIDSERTIFIKAAT AS VOLLE SEEMAN
CERTIFICATE OF QUALIFICATION AS ABLE SEAMAN

Naam en beskrywing van seeman/Name and description of seaman

Familienaam (in blokletters) Surname (in block letters)	Voorname (in blokletters) First names (in block letters)	Geboorteplek Place of birth	Geboortedatum Date of birth

Nasionaliteit Nationality	Lengte Height	Kleur van oë Colour of eyes	Kleur van hare Colour of hair	Ras Race	Tatoeër- of ander onderskeidingsmerke Tattoo or other distinguishing marks	No. van verslagboek No. of record book

Nademaal aan my verslag gedoen is dat u behoortlik bevoeg bevind is om die pligte van 'n volle seeman in die handelsdiens te vervul, ken Whereas it has been reported to me that you have been found duly qualified to fulfil the duties of an able seaman in the merchant service, ek hierby, ooreenkomstig die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet 57 van 1951), hierdie bevoegdheidsertifikaat aan u toe. I do hereby, in pursuance of the Merchant Shipping Act, 1951 (Act 57 of 1951), grant you this certificate of qualification.

Gedateer te op hede die dag van 19.....
Dated at this day of

Datum
Date
Sekretaris van Vervoer/Secretary for Transport
Handtekening van seeman/Signature of seaman

AANHANGSEL F
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

DEPARTEMENT VAN VERVOER (MARINE-AFDELING)
[Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet 57 van 1951)]

KENNISGEWING DAT 'N KANDIDAAT GESLAAG HET IN 'N EKSAMEN OOREENKOMSTIG DIE REGULASIES BETREFFENDE BEVOEGDHEIDSERTIFIKATE

Familienaam (in blokletters)
Voorname
Geboorteplek Geboortedatum
No. van verslagboek Huidige gradering

Ek wens u te verwittig dat u geslaag het in die eksamen wat op die dag van 19..... te gehou is in die voorgeskrewe onderwerpe vir die eksaminering van kandidate vir bevoegdheidsertifikate as volle seemane.

Die volgende dokumente word hierby ingesluit.....

Datum 19.....
Handtekening van eksaminator

Let wel:

- (1) Die kandidaat moet afstand doen van hierdie vorm wanneer 'n bevoegdheidsertifikaat aan hom uitgereik word.
- (2) Hierdie vorm is nie 'n bevoegdheidsertifikaat nie, maar slegs 'n bewys dat die kandidaat in die eksamen geslaag het.

Sekretaris van Vervoer/Secretary for Transport

Handtekening van seeman/Signature of seaman

ANNEXURE F
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DEPARTMENT OF TRANSPORT (MARINE DIVISION)
[Merchant Shipping Act, 1951 (Act 57 of 1951)]

NOTIFICATION OF PASS IN EXAMINATION UNDER THE CERTIFICATES OF QUALIFICATION REGULATIONS

Surname (in block letters)
First names
Place of birth Date of birth
No. of record book Present rating

I have to inform you that you passed the examination held at on the day of 19....., in the subjects prescribed for the examination of candidates for certificates of qualification as able seamen.

The following documents are enclosed.....

Date 19.....
Signature of examiner

Notes:

- (1) The candidate must surrender this form when a certificate of qualification is issued to him.
- (2) This form is not a certificate of qualification but merely evidence that the candidate has passed the examination.

AANHANGSEL G

EKSAMINERING VIR 'N BEVOEGDHEIDSERTIFIKAAT AS REDDINGSBOOTMAN

Opmerkings

(1) Dit is nie wenslik dat 'n eksamen vir 'n enkele kandidaat gereël word nie en daar word aanbeveel dat minstens 10 kandidate aanwesig is elke keer wanneer 'n eksamen afge neem word. In gevalle waar die eienaar of gesagvoerder van 'n skip verlang dat lede van 'n bemanning geëksamineer moet word, is dit sy verantwoordelikheid om te verseker dat die verskeie aansoeke korrek is en dat die kandidate vir die eksaminering bymekaar gebring word.

(2) Die doel van die eksamen is om vas te stel of kandidate opgelei is in al die verrigtinge verbonde aan die tewaterlating van reddingsbote en die gebruik van roeispane, of hulle vertrou is met die praktiese hantering van die bote self en of hulle in staat is om bevele in verband met die hantering van die bote te begryp en uit te voer en of hulle onderrig ontvang het in verband met die tewaterlating, werking en hantering van onbuigsame of opblaasbare reddingsvlotte van die tipes wat tewaterlating toestelle vereis en dié wat te water gelaat kan word deur hulle oorboord te gooi.

1. Die boot wat vir eksamendoeleindes gekies word, moet 'n reddingsboot wees wat vir passasierskepe goedgekeur is en moet ten volle toegerus wees sodat die seelui vertrou sal wees met alle items van die toerusting wat hulle in staat sal stel om op enige passasierskip diens te verrig.

2. Kandidate moet bymekaarkom in reddingsbuise wat gedra moet word solank die eksamen duur, maar die eksaminator kan na eie goeddunke toelaat dat die kandidate vir 'n gedeelte van die eksamen geen reddingsbuise gebruik nie.

3. Van 'n kandidaat word verwag—

(i) dat hy kennis moet dra van die nood- en verlaatskipseine en begryp wat van hom verlang word wanneer hy enigeen van die twee seine hoor;

(ii) dat hy moet weet waar om te kyk om die dravermoë van reddingsbote en reddingsvlotte te bepaal;

(iii) dat hy kennis moet dra van die wetlik voorgeskrewe toerusting en voorrade wat in 'n reddingsboot en reddingsvlot nodig is, en van die regte gebruik daarvan;

(iv) dat hy moet weet waar om die instruksies met betrekking tot die behoorlike gebruik van toerusting te vind, bv. eerstehulpuitrusting en pirotegniek;

(v) dat hy kennis aan die dag moet lê van en moet deelneem aan die voorbereiding en tewaterlating van 'n reddingsboot, die oplaai van persone en die wegstuur van die boot van die kant van die skip af;

(vi) dat hy kennis aan die dag moet lê van die bevele wat algemeen gebruik word tydens die boothanteringsverrigtinge, om te trek en te stuur, om as roerganger op te tree en hulp te verleen met die span van die seil en die uitvier van die see-anker;

(vii) dat hy kennis aan die dag moet lê van die prosedure met betrekking tot die aan die gang sit van 'n reddingsbootmotor, die nagaan van die brandstofvoorraad, smeerolie en verkoelingswater;

(viii) dat hy kennis aan die dag moet lê van die prosedure vir die tewaterlating van opblaasbare en onbuigsame reddingsvlotte, die manier om van die skip af of vanuit die water daarop te klim en hoe om 'n omgekeerde reddingsvlot weer reg te laat dryf;

(ix) dat hy kennis aan die dag moet lê van die oorlewingsprosedure in reddingsbote en reddingsvlotte, die gebruik van beskermende bedekkings, die uitreiking van kos en water, onderhoud en dissipline en die noodsaaklikheid om die moreel hoog te hou.

4. Gedurende die eksaminering moet die verrigtinge om die boot van die stutblokke en hegtoupe af uit te swaai verskeie kere herhaal word, en elke keer moet die onderskeie posisies van die kandidate gewissel word. Elke kandidaat wat geëksamineer word, moet ook met die neerlating van die boot help. Dit kan gereël word deur die boot trapsgewyse neer te laat in plaas daarvan dat slegs twee kandidate die neerlating in sy geheel waarneem.

5. Die neerlating van die boot moet geskied onder toesig van 'n skeepsoffisier of 'n verantwoordelike persoon wat deur die eienaar aangestel word. Die Sekretaris aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige ongeluk wat tydens die eksaminering plaasvind nie.

6. Eksaminatore kan die eksaminering in onderstaande volgorde afneem:

(i) Die bemanning van die boot, met hul reddingsbuise aan, tree aan in een enkele ry en staan met hul gesigte na die boot toe. Een van hulle word dan aangesê om as roerganger op te tree en hy gaan dan voort om aan die bemanning hul

ANNEXURE G

EXAMINATION FOR A CERTIFICATE OF QUALIFICATION AS LIFEBOATMAN

Notes

(1) It is not desirable that an examination be arranged for a single candidate and it is recommended that at least 10 candidates be present on each occasion. Where a shipowner or master of a ship desires that members of a crew be examined, it is his responsibility to ensure that the various applications are in order and that the men are assembled for the examination.

(2) The purpose of the examination is to determine whether candidates have been trained in all the operations connected with the launching of lifeboats and the use of oars, whether they are acquainted with the practical handling of the boats themselves and whether they are capable of understanding and answering orders relative to the handling of lifeboats and whether they have been instructed in the launching, operation and handling of rigid or inflatable liferafts of types requiring launching devices and those launched by throwing overboard.

1. The boat selected for examination purposes shall be a lifeboat approved for passenger ships and shall be fully equipped so that seamen will be acquainted with all items of equipment which will enable them to serve on any passenger ship.

2. Candidates shall muster in lifejackets which are to be worn throughout the examination, but the examiner may at his discretion allow them to be dispensed with during a portion of the examination.

3. A candidate shall be required—

(i) to know the Emergency and Abandon Ship Signals and to show a full understanding of his duties upon hearing either;

(ii) to know where to look for the capacity figures of lifeboats and liferafts;

(iii) to know the statutory equipment and supplies required in a lifeboat and liferaft and their correct use;

(iv) to know the location of instructions provided for the proper use of equipment, e.g. first and outfit and pyrotechnics;

(v) to show a knowledge of and to take part in the preparation and launching of a lifeboat, embarkation of persons and getting the boat away from the ship's side;

(vi) to show a knowledge of the orders commonly used in boat handling, to pull and steer, to act as coxswain and to assist in setting the sail and streaming the sea anchor;

(vii) to show a knowledge of the starting procedure of a lifeboat motor, and to check the supply of fuel, lubricants and cooling water;

(viii) to show a knowledge of the procedure for launching inflatable and rigid liferafts, the manner of boarding same from ship or water and how to right an upturned liferaft;

(ix) to show a knowledge of survival procedure in lifeboats and liferafts, use of protective covers, issue of food and water, maintenance of discipline and the necessity to uphold morale.

4. In the examination the operation of swinging the boat out from a choked and griped position will be repeated several times, the respective positions of the men being varied each time. Each candidate in the examination shall also act as one of the lowerers; this may be arranged by lowering the boat by stages, instead of the complete lowering of the boat being effected with two men only acting as lowerers.

5. The lowering of the boat shall be under the supervision of a ship's officer or a responsible person appointed by the owner. The Secretary will not accept responsibility for any accident which may occur in the course of the examination.

6. The following is the order of examination which may be followed by examiners:

(i) The boat's crew fall in standing in single line with lifejackets on facing the boat. One of them is then told to act as coxswain and he proceeds to detail the crew to their several duties such as to act as lowerers, bowman, stroke, and to attend gripes, chocks,

onderskeie pligte toe te sê, nl. dat party moet optree as neerlaters van die boot, een as boegman, een as slagroeier, en dat die ander aandag moet skenk aan die hegtoue, stutblokke, ens. Die slagroeier neem sy posisie in langs die agterstewe van die boot, die boegman langs die voorstewe, en die neerlaters teenoor die lopers.

(ii) Terwyl elkeen in hierdie posisie staan, word hulle onder- vry in verband met hul kennis van die besonderhede van die boot, die toerusting en bestuur daarvan, davits, windasse, optrys- skinkels en aanhaaltakels waar vasgeheg en van die ontkoppel- inrigting, indien daar is, wat aan die boot aangebring is.

(iii) Maak gereed: Wanneer die roerganger die bevel "Maak gereed" gee, verwyder die bemanning gesamentlik die boot se bedekking en spanners indien dit op hul plekke is, en dan klim die boegman en die slagroeier in die boot. Die boegman sien toe dat die vanglyn onbelemmerd is en gereed om na die dek toe aangegee te word en hy sien ook toe dat die voorste reddingslyn onbelemmerd is. Die slagroeier sien toe dat die agterste lyn onbelemmerd is, druk die proppe in die propgate en maak hom gereed om die roer of stuurspaan in posisie te bring. Sowel die boegman as die slagroeier behoort toe te sien dat die roeispane en boothake onbelemmerd en gereed vir gebruik is. Die persone wat die boot neerlaat sorg dat die lopers styf gespan en behoorlik vasgemaak is en dat hulle onbelemmerd kan beweeg. Ander lede van die bemanning, na gelang van die pligte aan hulle toegesê, maak die hegtoue los (buiteboordse hegtoue eerste) en sorg dat die stutblokke en hegtoue verwyder word en die boot gereed is om van stapel te loop. Die bemanning, met uitsondering van die boegman en die slagroeier, neem dan weer hul vorige posisies in.

(iv) Swaai uit of laat sak vir inskeping: Wanneer hierdie bevel gegee word, word die boot so vinnig moontlik uitgeswaai in die inskeppingsposisie en die aanhaaltakels word vasgeheg en die optryskinkels losgemaak. Die vanglyn word vorentoe aan- gegee tot by 'n geskikte posisie en die roer of stuurspaan in posisie gebring. Voordat die boot neergelaat word, moet die verrigting om die boot uit te swaai van waar dit met hegtoue en stutblokke vasgemaak is, verskeie kere herhaal word (die verwydering van die bedekking en spanners hoef nie weer her- haal te word nie). Elke keer moet 'n ander kandidaat as roer- ganger optree en moet die posisie van die ander lede gewissel word.

(v) Laat sak: Op hierdie bevel word die aanhaaltakels gevier en losgelaat en die boot word neergelaat, terwyl sorg gedra word dat dit so na as moontlik gelyklastig gehou word. Wan- neer die boot drywend is, neem die res van die bemanning hul plekke in die boot in. Die roeiers haak die lopers los, bring die buiteboordse roeimikke in posisie en hou hul roeispane hoog. Die boegman trek die vanglyn in of laat dit slip en saam met die slagroeier stoot hy die boot met 'n boothake of roeispaan van die skip se kant af weg. Elke lid van die bemanning moet op sy beurt deelneem aan die werklike neer- lating van die boot. Dit kan gedoen word deur die boot traps- gewyse neer te laat.

(vi) Stil en voort: Die bevel "Stil" word gegee wanneer dit weens die een of ander misverstand of ongeluk, of vir instruk- siedoelindes nodig is om die verrigtinge te staak. Op hierdie bevel hou elke man op met die werk waarmee hy besig is, bly stil op sy plek staan, en as die bevel gegee word terwyl die boot neergelaat word, maak die neerlaters onmiddellik die lopers vas met nog 'n slag. Op die bevel "Voort" word die verrigtinge hervat.

(vii) Oefening terwyl die boot drywend is: Elke lid van die bemanning moet gevra word om sy beurt waar te neem om te roei, te stuur en om bevels te gee soos "roei stuurboord", "agteruit bakboord", "boeg binnetoe", asook om te help om die seile te span, die ander uit te vier om die boot naasaan die skip te bring. (Die bevels "roei stuurboord" en "agteruit bakboord" moet nie verwar word met die bevels van die roerganger nie).

7. Daar word besef dat skepe slegs in enkele gevalle in staat sal wees om 'n opblaasbare reddingsvlot beskikbaar te stel om gedurende die eksaminering van kandidate opgeblaas te word. Eksaminatore moet hul nietemin daarvan vergewis dat kan- didate ten volle vertrouwd is met die tewaterlatings- en inske- pingsprosedure.

AANHANGSEL H

KWALIFISERENDE EKSAMEN VIR 'N BEVOEGDHEID- SERTIFIKAAT AS VOLLE SEEMAN

Syllabus

(a) Skeepvaartkennis

'n Kandidaat word in die volgende onderwerpe getoets:

- (1) Die betekenis van algemene skeepvaarterme;
- (2) die name en funksies van verskeie dele van die skip;
- (3) kennis van die kompas en die vermoë om by benadering die peiling van 'n voorwerp volgens punte op die boeg te kan aangee;

etc. The stroke oarsman takes up his station abreast of the stern post, the bowman abreast of the stem, and the lowerers opposite the falls.

(ii) Whilst in this position, they are questioned as to their knowledge of the details of the boat, its equipment and manage- ment, davits, winches, tricing pendants and bowing tackles where fitted and of the disengaging gear, if any, fitted to the boat.

(iii) Clear away: On the coxswain giving the order "Clear Away", the boat's covers and spreaders if in place are removed by the combined crew, and the bowman and stroke oarsman get into the boat. The bowman sees that the painter is clear and ready to pass to the deck and also sees that the forward lifeline is clear. The stroke oarsman sees the after line clear, ships the plug and prepares to ship the rudder or steering oar. Both these men should see that the oars and boat hooks are clear and ready for use. The lowerers see that the falls are taut and properly belayed and clear for running. Other members, as detailed, release the gripes (outboard gripes first) and see the chocks and gripes are clear, and the boat ready for running out. The crew then return to their former positions with the exception of the bowman and stroke oarsman.

(iv) Swing out, or Lower for Embarkation: On this order the boat is moved out as quickly as possible to the embarkation position and the bowing tackles secured and tricing pendants released. The painter is passed forward to a suitable position and the rudder or steering oar shipped. Before the boat is lowered the operation of swinging out from the chocked and griped position (there is no reason to deal with covers or spreaders) should be repeated several times. A different man should act as coxswain each time, and position of the other members should be varied.

(v) Lower away: At this order the bowing tackles are eased and let go and the boat is lowered, care being taken that it is kept as near as possible on an even keel. When the boat is waterborne the remainder of the crew will take their places in the boat. The oarsman will unhook the falls, ship outboard crutches and toss their oars. The bowman either hauls in or slips the painter, and with the stroke oarsman shoves the boat away from the ship's side with boat hook or oar. Each member of the crew should take part in the actual lowering of the boat in turn. This can be done by lowering in stages.

(vi) Still and carry on: The order "Still" is given when, through some misunderstanding or accident, or for the purpose of instruc- tion it is necessary to suspend operations. At this order each man stops what he is doing retaining his position and remaining silent, and if the order is given whilst the boat is being lowered the lowerers immediately take an extra turn of the falls or belay them. At the order "Carry ON" operations are resumed.

(vii) Practice afloat: Each member of the crew should be required to take turn in rowing, steering and giving orders, such as "pull starboard", "back port", "in bow", also in assisting to set the sail, stream the sea anchor and bring the boat alongside. (The orders "pull starboard" and "back port", should not be confused with helm orders.)

7. It is recognised that ships will only in very rare cases be able to offer an inflatable liferaft for inflation during examina- tion of candidates. However, examiners should satisfy themselves that candidates know the launching and embarkation procedure thoroughly.

ANNEXURE H

QUALIFYING EXAMINATION FOR A CERTIFICATE OF QUALIFICATION AS ABLE SEAMAN

Syllabus

(a) Nautical knowledge

A candidate shall be tested on the following subjects:

- (1) the meaning of common nautical terms;
- (2) the names and functions of various parts of the ship;
- (3) knowledge of the compass and ability to report the approxi- mate bearing of an object in terms of points on the bow;

- (4) begrip van die bevele van die roerganger en die oorhandiging van die wag;
- (5) die lees, uitvier en optrek van 'n patente log (snelheidsmeter);
- (6) merke op 'n handloodlyn, hoe om die handlood te gooi en korrek verslag te doen oor die lodings aldus verkry;
- (7) die gebruik, versorging en onderhoud van reddings- en brandbestrydingstoerusting;
- (8) die skoonhou van die skip en persoonlike higiëne;
- (9) die voorbereiding van oppervlakke vir verfwerk: grondlae, onderlae en eindlae; die versorging van gereedskap;
- (10) die skoonmaak en voorbereiding van skeepsruime en tenke vir die inskeping van vrug;
- (11) algemene veiligheidsmaatreëls wat nagekom moet word ter see en in die hawe.

(b) Praktiese werk

'n Kandidaat word in die volgende onderwerpe getoets en vir sover moontlik deur praktiese demonstrasie:

- (1) Knope wat algemeen gebruik word; touverbindinge, ens. wat algemeen gebruik word; hoe om die ent van 'n kabel te beset om uitrafeling te voorkom; hoe om die ent van 'n werplyn deur middel van 'n sjouermans- en kruisknoop of ander eenvoudige metode af te werk.

Hoe om 'n stopper aan 'n kabeltou of laaiboomhyser te sit; hoe om 'n seising (vasklemhoutjie) aan te sit;

- (2) splitsing van gevlegte en veeldradige manilla- en sintetiese veseltoue; oogsplitsing, kort splitsing en agtersplitsing; splitsing van draadtou, oogsplitsing met gebruik van sluitsteek; versorging en hantering van toue en draad;

- (3) hoe om die loper of loeftakel van 'n boot te reef;
- (4) hoe om 'n stelliasie met stroppe op te hys, 'n bootmanstoel en 'n loodsleer op te takel; optakeling van skip aan walloopbrug; veiligheidsmaatreëls wat daarmee gepaard gaan;

- (5) die optakeling van 'n laaiboom; hantering van 'n wenas, koppel- en ontkoppelinrigting en die gebruik daarvan; algemene voorsorgsmaatreëls wat getref moet word voor en gedurende die werking met 'n wenas, hetsy dit vir laaiwerk of verhaalwerk gebruik word;

- (6) die gebruik van 'n ankerspil by ankerwerk en verhaalwerk; die veilige hantering van meertoue met besondere verwysing na sintetiese veseltoue en selfspanningwenasse; die opberging van 'n ankerketting in die kettingbak en die vasmaak van die anker vir uitvaring;

- (7) kennis van die skeepstuig wat gebruik word vir laaiwerk en 'n begrip van die gebruik daarvan; algemene instandhoudingswerk met spesiale klem op die herstel van die rammelblokke en geiblokke;

- (8) die veilige hantering van luikeksels; die toeklamp en die vasmaak van luikopenings en tenkdeksels; en

(c) Bootwerk

'n kandidaat word vereis dat hy die eksaminator tevrede moet stel dat hy—

- (1) bevele met betrekking tot die tewaterlating en die werking en hantering van 'n reddingsboot en reddingsvlot en die hantering van 'n boot onder seil begryp en kan uitvoer;
- (2) 'n begrip het van die algemene beginsels van boot-hantering in 'n stroomstreek en in onweer; en van landing op alle soorte strande of in branders; en
- (3) vertrouwd is met 'n reddingsboot en reddingsvlot en hul toerusting en met die aansit en hantering van die enjin van 'n kragagendree boot.

- (4) understanding helm orders; handing over the watch;
- (5) reading, streaming and hauling in a patent log;
- (6) markings on a hand lead line, taking a cast of the hand lead and correctly reporting the soundings obtained;
- (7) the use, care and maintenance of lifesaving and fire fighting equipment;
- (8) ship cleanliness and personal hygiene;
- (9) preparation of surfaces for painting, priming coats, undercoats and final coats of paint. Care of equipment;
- (10) cleaning and preparation of holds and tanks for receipt of cargo;
- (11) general safety precautions to be observed at sea and in harbour.

(b) Practical work

A candidate shall be tested on the following subjects and as far as possible by practical demonstrations:

- (1) knots in common use. Hitches, bends, etc., in common use. Whipping a rope's end. Finishing off the end of a heaving line by a wall and crown knot or other simple method.

Putting a stopper on a hawser or derrick lift. Putting on a seising;

- (2) splicing plaited and multi-strand manilla and synthetic fibre rope, eye splice, short splice and back splice. Splicing wire rope eye splicing using a locking tuck. Care in handling rope and wire;

- (3) reeving a boat's fall or luff tackle;
- (4) slinging a stage, rigging a boatswain's chair and pilot ladder. Rigging of ship to shore gangways. Safety practices attendant thereon;

- (5) rigging a derrick. Driving a winch, engaging and disengaging gears and their use. General precautions to be taken before and during operation of a winch whether used for working cargo or for warping;

- (6) the use and operation of a windlass in anchor work and in warping. Safe handling of moorings with particular reference to synthetic fibre ropes and self-tensioning winches. Stowage of chain cable in the chain locker and securing the anchor for sea;

- (7) a knowledge of the gear used in cargo work and an understanding of its uses. General maintenance with special reference to the overhauling of gin blocks and guy blocks; and

- (8) the safe handling of hatch covers; battening down and securing of hatchway and tank lids.

(c) Boat work

A candidate shall be required to satisfy the examiner that—

- (1) he understands and can carry out orders relating to lifeboat and liferaft launching and operation and the management of a boat under sail;
- (2) he understands the general principles of boat management in a tideway and in bad weather; and in landing on all kinds of beaches or in a surf; and
- (3) he is familiar with a lifeboat and a liferaft and its equipment and the starting and running of the engine of a powered boat.

Koop Nasionale

Spaarsertifikate

Buy National Savings Certificates

INHOUD		CONTENTS	
<i>No.</i>	<i>Bladsy</i>	<i>No.</i>	<i>Page</i>
Vervoer, Departement van		Transport, Department of	
<i>Goewermentskennisgewing</i>		<i>Government Notice</i>	
R. 80. Die Regulasies betreffende Bevoegdheid- sertifikate, 1976	1	R. 80. The Certificates of Qualification Regula- tions, 1976	1

CONTENTS		INHOUD	
Page	No.	Wyn	No.
	Transport Department of Government Notice		Transport Department van Gouvernementsoordraging
1	R. 80 The Certificates of Qualification Regula- tions, 1976	1	R. 80 Die Regulasies betreffende Beroepsbe- swigings, 1976